NOTULE, BLOUBERG PROBUS, 05/08/2008, KOEBERG-ROLBALKLUB

Verwelkoming:

WaarnemendeVoorsitter Chan de Kock verwelkom lede by die vergadering, asook Willie Crause, wat die vergadering as gas van Gerhard de Jager bywoon.

Konstituering:

Teenwoordig (17 lede): Andries, Sakkie, Gert, Chan, Gerhard, Marten, Danie G, Alwyn, Hennie J, Frikkie, Paul, Koos, Clive, Thys, Henri, Willie v V, Frits.

Verskonings (10 lede): Frans, Pieter, Jutie, Danie K, Jacko, Flip, Rip, Johan, Fanie, Hennie v D.

Laat verskonings (2 lede): Lukas, Rob. (Tesourier sal soos gewoonlik sy pondjie vleis eis.)

Lief en Leed:

Thys rapporteer dat Marieta al gemakliker kan sit en dat sy heel goed oor die weg kom sonder veel pyn of ongemak.

Willie Crause - Curriculum Vitae:

Willie gee ‘n vlugtige oorsig van sy lewe en loopbaan en deel ‘n aantal interessante staaltjies met die vergadering. Behalwe sy lewe as sakeman waar hy onder andere na sy studie aan Pukke ‘n eiendomsagentskap en later ‘n alarmbesigheid en ‘n drankwinkel bedryf het, deel hy ietwat meer persoonlike sake met ons en meld dat hy onder andere lid was van skoolkomitees, kerkrade, wyngilde, Rapportryers, en vele ander liggame. Iets wat vir hom geweldig swaar is om te verwerk is die spoorlose verdwyning van sy seun gedurende 2006.

Algemeen:

Die Voorsitter noem dat die volgende Silwerkragbyeenkoms op Donderdag 7 Augustus om 10.00 vm by die NG Kerksaal op Melkbosstrand plaasvind en dat Helen Zille die gasspreker sal wees.

Sakkie meld dat Gert se vrou, Leonore, lede en hul gades wil herinner aan die uitstekende film oor beroemde operas wat tans by Cavendish Nouveau in Claremont vertoon word. Die speelvak nader vinnig sy einde en enigiemand wat graag deel wil wees van ‘n groep wat moontlik nog na die film kan gaan kyk, moet asseblief onverwyld vir Sakkie kontak sodat hy ‘n bussie kan probeer reël en plekke kan probeer bespreek. (Koos begewe hom op dun ys met sy grappie oor die verskil tussen opera en operette: hy sê dis soos die verskil tussen sigare en sigarette - die een het net meer twak as die ander!)

Die Voorsitter herinner die vergadering daaraan dat dit lede vrystaan om uitstappies en toere te reël sonder om noodwendig toestemming van die Bestuur te verkry en dat lede immers aangemoedig word om dit te doen.

Die Voorsitter spreek sy kommer uit dat daar lede mag wees wat nie e-pos het nie en daarom nie omsendbriewe en notules kan ontvang nie. Dit is uiters belangrik dat lede wat bewus is van sulke persone sal reël om dokumente uit te druk en aan diegene sonder e-pos te besorg sodat hulle te alle tye op hoogte sal bly van alles wat per e-pos gesirkuleer word. Danie stel voor dat die Sekretaris (Rob) weer eens adreslyste sal opdateer en aanstuur sodat almal oor die jongste inligting sal beskik.

Tafelgebed:

Henri van Biljon doen die Tafelgebed voor die ete.

Volgende vergadering:

Dinsdag 2 September 2008

Verskonings vir September en Oktober:

Clive maak by voorbaat verskoning vir sy afwesigheid in September en Oktober.
Koos maak by voorbaat verskoning vir sy afwesigheid in September.

Paul la Grange (Waarnemende Sekretaris)